

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 65**



Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## *Kersfees*

# Die teken van die Kind

Toe Jesus Christus gebore is, het 'n engel aan herders in die omgewing van Bethlehem verskyn om hulle van die groot gebeurtenis te vertel. Die engel het egter nie net die geboorte van Christus aangekondig nie, maar ook aan hulle 'n teken gegee waaraan hulle die Saligmaker wat gebore is, kon herken. Hy het immers aan hulle gesê: "En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê" (Luk. 2:12).

So anders,

Hierdie teken moes dien om hulle geloof aan sy boodskap te bevestig. Die aard van die teken was egter sodanig dat dit volgens oppervlakkige, menslike oordeel hulle geloof eerder sou verhinder as bevestig. As die engel hierdie teken nie duidelik beskryf het nie, sou die herders, as hulle Josef en Maria en die Kindjie in die krip gesien het, sonder twyfel gesê het: Dit kan die Messias en Verlosser tog nie wees nie! 'n Kind in 'n krip in 'n stal — kan dit ons Saligmaker wees?

Ag, weet u, die mens se idees is dikwels so anders as God se heilige beplanninge. Die mens sou veel eerder reken dat die Redder van die mensdom op 'n sensasionele, grootse, aangrypende wyse die wêreld moes intree met uitstaande kentekens wat aan Hom alleen eie is.

Maar Christus kom op 'n ander wyse die wêreld in. Sy teken, sy spesifiek kenmerkende teken is: 'n Kindjie wat in doeke toegedraai is en wat in 'n krip lê.

Dit is so kinderlik-eenvoudig.

### **Christus kom**

- **nie soos 'n gebiedende diktator soos keiser Augustus nie, maar**
- **as 'n hulpelose kindjie.**

Christus kom nie na ons met goud deurweefde klere waaruit 'n hemelse glans straal nie maar met doeke toegedraai.

Christus kom nie na ons in 'n imponerende koets of selfs nie 'n goue wiegie nie, maar in 'n krip.

Die herders het gelowig aanvaar wat die engel gesê het en hulle geloof is bevestig, toe hulle die Kindjie met doeke toegedraai in die krip gevind het.

Soek na 'n teken.

Het almal die herders nou op hierdie weg gevolg?

Nee, hulle het nie.

Hierdie teken was en is vir baie te eenvoudig. Dit is dan so gewoon, sê hulle.

Maar weet u, vir die sensasiebeluste mensdom is die gewone soms te gewoon om die wonder in daardie gewone raak te sien. Daarom kan van sulke mense in hierdie verband ook gesê

*Met hierdie uitgawe wil ons u 'n hartlike handdruk laat toekom met die bede dat Kersfees vir u meer sal inhou as net uiterlike vreugde en dat die nuwe jaar vir u vol sal word van ware genade.*

*Die redaksie.*

word: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken en geen ander teken sal aan hulle gegee word nie behalwe die teken van die Kindjie ... in doeke .... in die krip.

Sy kenmerkende teken.

Die engel het aan die herders nie maar 'n teken gegee waaraan Christus geken kon word nie; intendeel, die teken wat hy gegee het, was die spesifiek kenmerkende teken van die Saligmaker wat Christus, die Here, is. Die engel hou die diep vernedering van Christus voor as dié teken waaraan hulle Hom kon herken om so te toon dat die vernedering van Christus nie maar iets toevalligs of bykomstig is nie, maar dat dit vir sy optrede as Saligmaker absoluut noodsaaklik is.

So moet ons dit ook vandag nog verstaan.

In hierdie eenvoudige teken, in hierdie nederige koms van Christus moet u die aangrypende en die wonderlike genade van God sien. Hierin moet u saam met die apostel Paulus lees: "Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word (2 Kor. 8:9).

In die Kindjie met doeke toegedraai in die krip moet u sien hoe diep God Hom in sy groot liefde neergebuig het ook om u te red.

Hoeveel rykdom moes die Seun van God nie opoffer om dié Kind met doeke in die krip te word nie!

**Hy wat met soveel almag en heerlikheid bekleed was, het Homself ontledig en 'n hulpbehoewende Kindjie geword. Hy het sy heerlikheidskleed uitgetrek en Hom in ons doeke kom inwikkel. Hy het sy hemelse woning verlaat om sy eerste aardse rusplek in 'n diere-voerbak te vind.**

Ons moet soos kindertjies word.

Ja, Christus het 'n Kind geword om ons te kon ontmoet en te kon red. Maar in aansluiting daarby kom Hy nou na ons met die eis dat ons soos kindertjies moet word om Hom te kan ontmoet. As u daartoe nie bereid is nie en nie kinderlik gelowig wil aanvaar en doen wat Hy u voorhou nie, kan geen ware ontmoeting tussen u en Hom plaasvind nie en dan kan u ook nie gered word nie. Hyself verklaar immers: "Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!" (Matt.18:3).

Soos Hy sy heerlikheid afgelê het en 'n hulpelose mensekind geword het om ons te kan ontmoet, so moet ons ook ons eer, trots, hoogmoed en verwaandheid aflê en soos kindertjies word om Hom te kan ontmoet. Dit geld ook vir u!

### **Ons troos**

Aan die ander kant sit daar juis in die nederige koms van Christus vir ons 'n groot en heerlike troos. Nou kan niemand immers sê dat sy of haar hart en lewe te vuil, te sleg, te sondebesmeer, te nederig en eenvoudig is dat Christus nie daar sal wil inkom nie. Nee, juis die feit dat Christus in nederigheid en in eenvoud na ons gekom het as 'n Kind wat in doeke toegedraai is en in 'n stal in 'n krip lê, sê aan ons dat Hy sekerlik sal kom na die hart wat na Hom roep — al is die hart nog vuil en onrein.

Geen plek is te nederig vir Hom nie en niemand is so met sondebesmeer dat hy of sy geen hoop het om 'n ware vriend van Jesus te wees nie.

Ook dit geld vir u!

**P. J. de Bruyn.**

# Geloftedag

## 'n Loflied na die lyde

Op Maandag, die 16e Desember, sal dit weer moontlik wees om op honderde plekke in ons land byeen te kom om fees te vier!

Geloftefees!

Dit is geen vreemde woord by die Afrikanervolk nie ...

Maar dit is ook 'n woord wat diepe, innerlike vreugde bring in die binneste van die ware gelowige. Op daardie dag sal daar weer in menige feessale, en onder die bome by feesplekke, en in talle kerke, 'n heerlike en blye loflied opstyg voor die aangesig van die ewige en almagtige God, Skepper en Beskikker van alles!

Ja, 'n loflied na lyde! ...

My vriend, 16 Desember 1838 was 'n krisisdag in die bestaan en die voortbestaan van hierdie geliefde volk van ons. U ken die geskiedenis van die gebeure rondom daardie besondere dag. Dit was nou werklik 'n tydstip waarin daar nie op die mens en sy vermoëns staatgemaak kon word nie. Die oormag was te groot. Geweldig was die smarte wat tot op daardie tydstip reeds gely is. Ontsettend was die spanning in die laer waar die slag van Bloedrivier sou plaasvind ...

Dit is in 'n moment soos hierdie wat ons die bekende woorde van Psalm 146:2 asof met hemelse krag hoor spreek. "*Moet op prinse nie vertrou nie, Op die mens jou hoop nie bou nie.*"

En as jy dan in die geloof na die hemel kyk en luister, dan besef jy, in jou bange nood, dat daar 'n God is wat kan en wil help. Dit is tot hierdie God wat Moses spreek as hy in sy gebed sê: "*Here, U was vir ons 'n toevlug van geslag tot geslag.*" (Psalm 90).

Soos wat Moses dit besef en uitgeroep het in die woestyn tussen Egipte en Kanaän, so het ons voorouers dit opnuut besef en bely by Bloedrivier.

Daarom het hulle gevlug!

Hulle het na die ewige God gevlug, en hulle het belowe dat hulle elke jaar op die dag van die oorwinning 'n loflied sal laat opstyg tot die eer van die Bewerker van die oorwinning!

Hoe wonderlik is dit nie ...?

"*Salig hy wat in die lewe, as alles hom wil begewe, vlug tot God, sy Toeverlaat.*" (Ps. 146:3). Maar wat meer is my vriend, die gelowige vaders en moeders by Bloedrivier het so 'n vertrouwe in ons, hulle nageslag gehad, dat hulle belofte het dat ons ook, en ons kinders, op daardie dag elke jaar 'n loflied tot eer van God sal laat opstyg.

"Ons sal die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n Sabbat deurbring . . . en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel. . ."

Dit was veel meer as 'n belofte — dit was 'n gelofte! Hoeveel vertrouwe het ons gelowige voorouers nie in ons gehad nie? En nou, my vriend, na die paar grepe wat ons hierbo neergeskryf het — waar gaan u op Maandag die 16e Desember wees?

Die Here het Sy gelowige uit die nood van die sondedood gered toe Hy die kruisdood op Golgota in eensaamheid gesterf het! Die Here het andermaal Sy ondeurgrondelike liefde vir ons bewys toe Hy die smeking by Bloedrivier verhoor het. Jou ganse lewe spreek van die

versorgende liefde van God ...

Gaan ons nou saam met die digter van Psalm 66 belowe, opnuut belowe: ". . . ek sal U my geloftes betaal, wat my lippe geuit en my mond uitgespreek het toe ek benoud was."?

As ons nie op daardie dag saam met die gelowiges die loflied na die lyde sing nie, dan is ons 'n bittere teleurstelling vir hulle wat die vertrouwe in ons gehad het — maar dan is ons sekerlik ook 'n bron van droefheid vir ons God ... Hy wat soveel liefde aan ons skenk.

En as jy dan by die volgende kruispad kom; as dit weer vir jou onheilspellend donker word ... waarheen vlug jy dan?

**A. Myburg.**

# Groot deure en klein skarniere

*Maar eens herleef die nasie weer,  
waarvan ek sterwend profeteer.  
Eens word die grys-blou heuwels klein  
as God alleen weer groot verskyn.*

- Totius in **Trekkersweë**.

Die moeder van 'n sekere gesin is skielik oorlede.

Met 'n ernstige en strak gesig het die begrafnisondernemer opgedaag om reëlings vir die begrafnis te tref. Mens wonder soms hoe dié mense dit regkry om hul werk onder al die emosie te verrig. Hierdie man het egter gesê: Dit val ons nie so moeilik om ons in die verdriet en smart van ander in te lewe nie. Ons beroep is nie

iets wat jy kies nie, jy word daarvoor in die wieg gelê; dit is ons roeping om bedroefdes by te staan.

En, nou ja, ek en jy weet hulle doen nuttige werk.

Nadat alles mooi gereël was en die begrafnis afgeloop het, neem die ondernemer afskeid met "Ek hoop van harte dat u u vrou eendag in die hemel sal sien".

In die hemel sal sien ...?

Die woorde het diep in die hart van die bedroefde man vasgesteek. Hy was al baie jare buite die kerk. Aan die geloofsake het hy niks meer gedoen nie. Dit het hom geheel en al koud gelaat. Maar nou, hierdie woorde! Dit het hom eenvoudig nie losgelaat nie. Al klemmender het die vraag geword: Sal ek my dierbare vrou, wat tog so diep gelowig was, eenmaal weer sien? Of sal ek, onverskillige wat ek is, buite bly?

Dit het deur sy gedagtes gemaak, totdat... hy eindelijk sy knieë gebuig en die weg teruggevind het na die God van sy jeug.

Later wou hy sy dankbaarheid aan die ondernemer gaan betuig. Hy het probeer om hom op te spoor. Tot sy grootste verbasing moes hy egter van ander verneem dat die ondernemer in die gevangenis sit. Dit was vir die man 'n groot skok. Maar langsaam hand moes hy die les leer, wat baie andere ook al moes leer, dat God klein skarniere gebruik om groot deure mee te open. Daarom moet jy jou geloof nooit afhanklik stel van 'n gelowige nie. Hulle is per slot van rekening ook maar sondears, wat net soos jy nooit sonder Christus kan klaar kom nie. Daarom, moet jou nie verbaas as jy in verleentheid kom deur gelowiges se eersug, hul liefdeloosheid of afguns nie. Dikwels maak die koerante groot ophef oor vooraanstaande christene wat in dié of daardie skandaal betrokke geraak het. My vriend, moet jou nie daardeur van stryk laat bring nie. Vra jou liever af: Is jy daarteen gevrywaar?

En onthou: Agter alles lê daar tog hierdie geheim: elke gelowige dra 'n skat... maar in 'n erdekruik! Die erdekruik breek soms maklik, maar God wil die skat tog red en bewaar.

Die skok oor die ondernemer het plek gemaak vir rus en kalmte in die hart van die bedroefde man. Hy het by God uitgekom, ondanks die mens. Die ou-ou waarheid uit die Bybel het hom te binne geskiet:

In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; Ons is verleë, maar nie radeloos nie; vervolgd, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie.

**H. D.**

# NOG HIERDIE JAAR

U staan nou by die agterdeur van 1968. Terselfdertyd staan u by die voordeur van 1969.

Hoe gaan u in 1969 lewe?

Wat sal in hierdie jaar met u gebeur?

Sal u ook 1970 binnetree?

U sal verstaan waarom ek hierdie vrae aan u stel as u my gaan toelaat om Christus se gelykenis van die onvrugbare vyeboom (Lukas 13:6-9) aan u te vertel en die betekenis daarvan kortliks aan u te verduidelik.

## **Vrugte word gesoek . . . tevergeefs!**

"'n Man het 'n vyeboom gehad wat in 'n wingerd geplant was, en hy het gekom en vrugte daaraan gesoek en niks gekry nie."

Hierdie vyeboom beeld die volk Israel af. God het hulle uitgekies as sy volk, die volk aan wie Hy Hom besonderlik sou openbaar, die volk uit wie die Christus gebore moes word. Daarom het die Here ook besondere sorg aan hulle bestee. Hy, hulle Verbondsgod, het aan hulle gedoen wat Hy aan geen ander volk gedoen het nie. Hy het hulle bewaar, beskerm, versorg, behoed en gelei.

Die vyeboom was egter nie geplant om 'n blote versiering te wees nie, maar om vrugte te dra. Die Here het Israel nie slegs uitverkies as sy besondere volk om die wêreld te versier nie, maar sodat hulle Hom kan dien deur te lewe in gehoorsaamheid aan sy gebooië. Dit moet die vrugte wees wat hulle moet dra uit dankbaarheid vir God se besondere genade, liefde en sorg aan hulle.

Hierdie vrugte het God nou ook by Israel gesoek. Die feit dat in die gelykenis staan dat die eienaar drie jaar vrugte kom soek het, toon dat God in die verlede reeds vrugte van geloof en bekering by hulle kom soek het, maar tevergeefs. En as Hy in die tyd van die omwandeling van Christus in heel besondere sin dié vrugte by Israel kom soek, tref Hy wel blare van uiterlike vroomheid en godsdienstigheid by hulle aan, maar geen vrugte nie.

## **Die oordeel uitgespreek.**

Daarom word die oordeel vanweë die onvrugbaarheid aangekondig: "Kap hom uit".

Vir baie jare lank het die Here Israel gekoester en geseën, versorg en bewaar, maar van hulle kant het hulle op al hierdie liefdeblyke van God se genade geantwoord met 'n uiterlike godsdienstigheid, met 'n blare-vroomheid sonder daadwerklike vrugte van 'n lewe wat toegewy is aan die diens van die Here. Daarom kom die oordeel nou: Kap hulle uit hulle besutte en bevoorregte posisie as volk van God!

## **Uitstel word gevra.**

By die aanhoor van die oordeel tree die tuinier in en smee vir genadetyd: "Meneer, laat hom nog hierdie jaar staan totdat ek hom gespit en mis gegooi het. As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan u hom ander-jaar uitkap".

Die tuinier sien hier op Jesus Christus self wat ook nog op hierdie laaste stadium pleit vir genadetyd vir die Joodse volk. Hierdie gebed van Hom vir Israel vind ons onder andere in sy eerste kruiswoord: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." (Luk. 23:34). Met hierdie woorde vra Christus eintlik om uitstel van God se oordeel oor Israel. Hy vra nie vir die algehele afstel of wegneming van die oordeel oor hulle nie, maar net dat dit 'n

rukkie uitgestel moet word om te kyk of hulle hul nie sal bekeer en dan vrugte van bekering sal voortbring nie.

Laat hom nog hierdie jaar staan. Genade en finaliteit.

Hierdie gebed spreek van genade, maar ook van finaliteit.

Dit spreek eers van genade.

God gee nog 'n jaar kans. God tree nie oorrompelend op sonder enige waarskuwings nie. God slaan nie sommer net toe sonder om eers die sirenes van sy komende oordeel te laat skree nie. Die Here is nie onbillik en onbarmhartig nie. Die deur staan nog oop. Hy is die Vader wat wag op die terugkeer van die verlore seun. Hy gee nog kans, nog 'n jaar.

Maar die gebed spreek ook van finaliteit.

'n Jaar uitstel word gevra, maar dan ook net 'n jaar en niks langer nie. Genadetyd word gevra, maar genadetyd met 'n finale beperking: nog net één jaar.

In die genadetyd waarvoor Christus vir Israel gesmeek het, sal aan hulle alles gedoen word wat moontlik is — soos aan die vyeboom waaromheen daar losgespit en mis gegooi is. In die genadetyd sal alles in die stryd gewerp word om van Israel 'n volk te maak wat vrugte van geloof en bekering voortbring. Deur sy opstanding uit die dode en verskynings daarna, deur die Pinksterwonder en die onvermoeide prediking van die apostels met goddelike tekens en wonders daarmee saam het Christus die Joodse volk nogeens intensief bearbei om hulle op te roep tot bekering en om bekeringsvrugte te dra. Maar by die grootste deel van Israel het dit geen resultaat gehad nie.

### **Die oordeel voltrek**

Eindelik was die genadetyd ook verby en is God se oordeel voltrek. Die vyeboom is uitgekap. Die jaar van uitstel was in werklikheid ongeveer veertig jaar, want in die jaar 70 n.C. het die oordeel oor hulle gekom: die Romeine het gekom en hulle by duisende doodgemaak. Die hoog opgestapelde hope lyke, die verwoeste tempel, die verbrande Jerusalem het getuig van God se oordeel: Kap hom uit. Die jaar van uitstel was verby — sonder bekering en bekeringsvrugte.

### **En u?**

Waar u weldra ook sal staan aan die begin van 'n nuwe jaar pas dit u om uself te vra: Hoe lyk God se kalender en horlosie ten opsigte van my?

Staan daar nie ook oor u lewe geskrywe nie: Laat hom, laat haar nog hierdie jaar staan?

God kom soek ook by u vrugte van geloof en bekering en sal Hy dit vind? Of kan u Hom hoogstens 'n uiterlike blare-vroomheid toon sonder werklike vrugte?

U lewe dag na dag maar selftevrede voort. U maak u miskien nie skuldig aan skandelige dade nie, maar u span u ook nie in om die evangelie van verlossing kragtig in u eie hart en lewe te laat voortgaan nie. U dra nie juis slegte vrugte nie, maar goeie vrugte is daar eintlik ook nie. U dra in werklikheid net géén vrugte nie — onvrugbaar soos die vyeboom. U het vasgeroes in 'n lewenspatroon waaruit die krag van die geloof en liefde wegkwyn.

Oor so 'n lewe staan geskrywe: Onvrugbaar, Kap hom uit!

Dan kom die finale: Laat hom nog hierdie jaar staan. In hierdie jaar sal met die evangelie by hom gespit en mis gegooi word. Miskien sal hy dan vrugte van geloof en bekering dra. Miskien sal hy dan opskrik uit sy lomerige, onvrugbare lewe en hom werp in die oop arms van Christus wat aan vermoeides en belastes uitkoms gee.



Nog hierdie jaar.

Dit is genadetyd: die oordeel kom nie vandag al nie, hoewel u dit vandag al verdien het. Maar dit is ook finale tyd: nou of nooit!

Nóú moet daar bekering kom.

Nóú moet u versoening van sondes soek by die kruis op Golgota.

Nóú moet u toedekking van u eie onvrugbaarheid soek in die groot vrug wat Christus deur sy borgtogtelike lyde ook vir u verwerf het.

Nóú moet die woorde van Christus in u werklikheid word: "Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug".

Laat hom nog hierdie jaar staan.

Hierdie jaar . . . . . 1969.

**P. J. de Bruyn.**

**ONS VOORBLAD:**

Die wêreld se grootste vliegtuig: 246 voet lank met 'n vlerkspan van 223 voet. Dink net aan hoeveel vrag dit kan dra! Tog kan dit nog te veel word . . . net soos u vrag te veel kan word, te veel om veilig op te styg en veilig te land. Voordat u dus 1969 aanpak, dink eers goed na: Sal u dit maak met al u probleme, al u swaar, al u ongeregtighede? Het dit nie tyd geword dat u van 'n deel van die vrag ontslae raak nie? "Kom na My toe", het Christus gesê, "en Ek sal julle rus gee", rus en veiligheid!

[Ons kon nie die vliegtuig indentifiseer nie en plaas dus 'n foto van die Airbus A380. Dit is 73 meter met 'n vlerkspan van 79,8 meter en is 24,1 meter hoog. Dit kan met 'n totale massa van 560 metrieke ton opstyg en dra 555 passasiers.]